

CONTENTS / INHOUD

Beste Museumvriende	2
Talking about Friendship....	3
Hoe die eland in die wêreld gekom het	4
The Library of the Slow Village	6
Gehoor van die Rondte van Vader Cloete?	9
Om te dans!	9
Extended Museum Hours	11
Years' End	11
En die Laaste Woord.....	11

REDAKSIE / EDITORIAL STAFF

ARTIKELS / ARTICLES:

ANZISKE KAYSTER

REDIGERING / EDITING:

ELIZABETH BUISMAN (ENGLISH) & HERMI BAARTMAN (AFRIKAANS)

DRUKWERK EN PRODUKSIE / PRINTING & PRODUCTION:

DENISE VAN WYK & KATRIENA BOOYSEN

VERSPREIDING/ DISTRIBUTION:

JAMES VAN RHYNERS & ZENEVIN ISAKS

Beste Museumvriende

Kollegas is nie altyd vriende nie.

‘n Mens kry mos vriende vir ‘n rede, vriende vir ‘n seisoen en vriende vir ‘n leeftyd. Ek het nog altyd die nosie gehad dat ‘n mens nie jou werk huis toe vat nie, en dit sluit die vriendelikste kollega in. Tyd vir ginnegaap met kollegas was daar nie - hulle het my te veel aan werk herinner. Dit sou eenvoudig nie deug nie, aangesien ek myself as ‘n uiters private individu beskou. Ek het byvoorbeeld ‘n broertjie dood aan besoekers wat uitvra oor my familie en selfs wat ek as Sondagmiddag-ete opdis.

Maar tog deel jy later die lief en leed van jou kollega, veral as die liefde sterre na die oë bring of ‘n klein pienkvoet sy opwagting maak. En wanneer die dood eers jou adres ontdek, word bande gesmee wat maar moeilik gebreek word. Dit is dan die tyd wat jy besef: ek en my kollega stap ‘n pad. Ons is vriende, meer nog, ons is familie. Ons wens mekaar net die beste toe, ons het simpatie en empatie vir mekaar se probleme en uitdagings, ons is eerlik met mekaar, verstaan mekaar en het

deernis vir mekaar se omstandighede en die struikelblokke wat oor ons pad kom. Ons gee en neem in gelyke dele en kan foute maak sonder dat ons mekaar oordeel. Bowenal vertrou ons mekaar omdat ons dit wat ons dink, wens, oor droom en voel sonder enige voorbehoud hardop kan noem. Ons kan onself wees en net ons vriendskap geniet.

Vir Jessie De Gama, ‘n wonderlike kollega, maar eerstens, vriendin: ons is in sak en as omdat jy ons binnekort gaan verlaat en kan nie Reinethuis sonder jou indink nie. Stil, stil en agter skerms het jy gesorg dat alles klopdisselboom verloop. Jou netjiese handskrif het getuig van uiterste toewyding en trots in jou werk. Telkens is ek verbaas deur jou kreatiwiteit. Jou lojaliteit vir hierdie museum was ‘n riem onder die hart.

Hoeveel keer het ons al die pad King William’s Town toe aangepak en heerlik koeie uit die sloot gegrawe en met woeste handgebare en al ons misnoëë oor ons trippie uitbasuin? Ek kry myself al by voorbaat jammer omdat ek my steunpilaar en regterhand aan’t verlore is. Vyftien jaar is ‘n leeftyd: ons het saam met mekaar kers opgesit, getrou, kinders gekry, arm

gebly, met hand en mond (en met die dood) baklei en deur dit alles het ons vriende gebly.

Ons weet dit was 'n groot opoffering om vir vier jaar sonder jou wederhalf te moes klaar kom, en 'n mens kan net soveel vir 'n museum doen. Ons wens jou wonderlike jare in Johannesburg toe en wil jou graag die versekering gee dat jou plekkie hier by die museum altyd vir jou sal wag.

In jou het ek 'n vrienkskap gekry wat groter is as enige rykdom..... En ons sê almal so!

Talking about friendship.....

The Friends of The Museum is slowly but surely dying a painful death. To belong to the Friends of the Museum is not a status symbol, but instead, a true commitment to assist in preserving your and our heritage for posterity.

How many friends have renewed their friendship by paying their subscription fees? Only three people! This is such a sad state of affairs. We are treading water and are struggling to keep financially afloat. Staff do their very best to raise funds for maintenance and

daily expenditure. This is not part of our job, but unfortunately someone has to do it. We understand that many of you are lifelong friends, but the small amount that you paid years ago for this privilege, is no longer of any value and does not help us in any way.

We request your financial assistance only twice a year: to pay your annual subscription and to support our annual street stall.

Although we have had numerous fundraising efforts this year, such as the movie screenings and the small Withond Day, it was worrying to see that many of the friends of the museum were conspicuous by their absence. To talk about money is such an embarrassing exercise, but as long as I have to fight to keep the doors of the museums open, I will ask for your financial assistance.

This year our annual street stall will be held on 2 December 2010, at 09h00, on the stoep of the Old Library. We have found that the white elephant table is not as profitable as we had hoped and we urge you to donate cakes, biscuits, pies, jams or any tasty treat. Books are always welcome as well as crafts and plants.

Please, if you have not done your best to be a true friend of the museum, we urge you during the coming year to do what is best for the museum, your friend. We urge you to have sympathy and empathy for the challenges that we are experiencing and to try and understand that we need your help to survive.

In turn we will provide enjoyment and rest assured, our hard work will ensure that you may trust us with your heritage, always.

Hoe die eland in die wêreld gekom het

Ek het onlangs die voorreg gehad om deel te wees van die Departement Opvoedkunde se Erfenisfeesvieringe. Voor die verrigtinge het Hoofman (of vrou) Margaret Coetzee en haar gevolg deur die stadsaal gestap en kruie op dierhorings verbrand. Vreemd! Margaret Coetzee noem haarself *San* en volgens Hoofman Tietie Dow, is sy die leier van die Kaapse Korannas. Omdat ons so min oor die San verstaan, het Hoofman Tietie Dow, 'n fantastiese versameling boeke wat handel oor

die San, aan die Museum geskenk. Dit is voorwaar 'n aanwens veral omdat dit soveel interessaanthede bevat. Die storie en die simboliek rondom die eland het veral my verbeelding aangegegryp. Die eland is 'n magiese dier in die San kultuur en die oorsprong van die energie wat nodig is om mense te genees en te beskerm en dus ook om bose geeste te verjaag.

Volgens die San het die eland só in die wêreld gekom.....

Kaggen, die eerste geskepte wese en opperhoof, het 'n vrou genaamd Coti, gehad. Omdat sy deur haar man oor die kole gehaal is, het sy swanger geraak en het aan die vreemdste kind in die veld, die lewe geskenk. Sy het haar man vertel, wat hom gehaas het om hierdie verskynsel te sien en met behulp van Canna (dalk gemaalde kruie) het hy aan die kind sekere vrae gevra. "Is jy hierdie dier?"; "Is jy daardie dier?" Maar hy het geen antwoord ontvang nie. "Is jy dalk 'n eland?" en die antwoord was "Aaaa". Toe het hy die jong eland gevat, in sy arms toegevou en in 'n kalbassie gesit. Dié het hy in 'n afgeleë kloof omring deur berge en diep afgronde weggesteek en daar gelos om te groei.

Toe het Kaggen probeer om die eland dood te maak deur skerp stokke na hom te gooи, maar hy het elke keer gemis. Hy het later 'n pyl wat in gif gedoop is, gaan haal. Dit het hom drie dae lank geneem om die pyl te gaan haal. Gedurende sy afwesigheid, het sy twee seuns, Cogaz en Gcwi met die ander jong mans gaan jag en het op die eland afgekom wat sy vader vir hulle weggesteek het. Na vele gesukkel, is die eland omsingel en gesteek, die bloed is versamel en die vleis opgesny. Voordat hulle die buit huis toe kon dra het hulle Kaggen se valstrikke en lokvalle gesien en het baie bang geraak omdat hulle toe besef het dat die eland aan Kaggen behoort.

Met Kaggen se terugkeer het hy die bloed op die grond gesien waar die eland doodgemaak is. Hy was woedend vir sy jongste seun Gcwi, wat die eland gesteek het en het sy neus afgeluk omdat hy so aanmatigend en ongehoorsaam was. Kaggen sê toe: "Probeer nou om al die kwaad wat jy gedoen het ongedaan te maak, jy het die Eland wat ek wou gebruik, ruïneer!". Gcwi is toe aangesê om van die eland se bloed, wat in 'n stukkie van die pens huis toe geneem is, te neem en om die bloed oral te spat deur 'n roerstok in die bloed te druk

en tussen sy palms te vryf. Die bloed het eers in die mees angswekkendste slange verander, daarna in hartebeeste wat weggehardloop het. Maar nog steeds was Kaggen ontevrede met sy seun se skeppinge. Die bloed is uitgegooi en die pot waarin dit was, skoongemaak en die orige bloed van die pens is in die pot gegooi. Vet van die eland se hart is by die mengsel gegooi en Kaggen se vrou, Coti het toe die roerwerk gedoen, terwyl Kaggen self die bloed gesprinkel het. Toe word die druppels elande-bulle wat hulle omsingel het en met hul horings rondgestoot het. Kaggen het weer eens gesê: "Sien jy hoe jy die elande bederf het?" en hy het hulle verjaag. Toe het hulle nog geroer en eland-koeie gemaak, toe weer geroer en 'n magdom elande gemaak wat die hele aarde bedek het. Toe het Kaggen vir Gcwi gesê: "Gaan en maak jag op hulle en probeer een doodmaak, dit is van nou af jou werk, omdat dit jy was wat hulle geruïneer het."

Gcwi het gehardloop en sy bes probeer, maar hy teruggekom, hygend met seer voete en heeltemal poot-uit. Die volgende dag het hy weer gaan jag maar was nog steeds onsuksesvol. Die elande was in staat om weg te

hardloop omdat Kaggen in hul beendere was. Kaggen het toe sy oudste seun, Cogaz, ingespan om die elande te verskree en hulle so in Gcwi se rigting te dwing. Toe hulle verby hom storm, het Gcwi drie bulle gedood. Toe het Kaggen Gogaz eers geseen en toe gestuur om te gaan jag. Gogaz het toe twee elande gedood. Daarna het Gcwi nog een gedood.

Daardie dag is wildsvleis aan alle mans gegee om te eet en hulle het baie wild geword en was geruïneer. Kaggen het gesê dat hy sy seuns moes straf omdat hulle dit wat hy geskep het dood wou maak, en hy moes hulle seermaak.

(Aangehaal uit Patricia Vinnicombe se People of the Eland: 2001)

Die storie het duidelik 'n dieper simboliese betekenis. Vir lank reeds weet ons dat die eland vir die San van groot spirituele waarde is. Die storie van die ontstaan van die eland is 'n dramatise verhaal van moord en verraad, van bonatuurlike krag wat net in legendes te voorskyn kom. Uit hierdie legende blyk dat die eland, die kind van die skepper, Kaggen, is en dat die verraaiers sy seuns of soms skoonseuns is. Die feit dat die eland gedood word, is simbolies van 'n ware offer. Elke kultuur het sy oorsprong in mites

en legendes en San stories is nie minder kleurvol en verbeeldingryk nie.

Rotskuns van die San het dus 'n bepaalde simboliek en is glad nie "Art for Art's sake", nie alhoewel die idee wel vroeër bestaan het. Rotskuns vertel van die magiese eland wat bepaalde bonatuurlike kragte gehad het. Die dier was baie meer as net 'n voedselbron, 'n heilige dier wat uit die beendere van Kaggen self ontstaan het. Met die bloed van die eland kon ander diere en selfs meer elande, geskep word. Die eland was magies en het spesiale beskerming van Kaggen geniet. Daar word gesê dat Kaggen tussen die horings van die eland sit en wanneer 'n jagter die eland dood, Kaggen se liefde vir die jagter ook sterf.

Die passie en geloof in die tradisies van die verlede word moeilik vervang deur die rasionele denke van vandag. Erfenis is voorwaar 'n keuse en verdraagsaamheid, die leuse!

The Library of the Slow Village

As early as 1822 there were two libraries in Graaff-Reinet, one of which was in the Dutch Reformed

Church for the use of the members of the congregation, during the ministry of the Rev A Faure (1818 – 1822). The church records indicate that the church council unanimously agreed that a library should be established for the use of the members of the congregation and that a suitable location was the vestry. The treasurer of the church was appointed to implement regulations and oversee the lending of the books.

Most of the Graaff-Reinet community at the time would have been members of the Dutch Reformed Church. The Church had in safekeeping old battered bound volumes, some of which had the name of the Rev Faure written in them. It could be that these were part of the minister's private collection and then were donated to the Church library.

An article by M M Sterling, the state librarian and published in *The South African Libraries* stated: *In 1822 a public library was opened at Graaff-Reinet and was placed in charge of a respectable library gentleman, far advanced in years. When this old gentleman left for Cape Town to better himself, the library closed down and was not*

resuscitated until 1847 when a new library was established. Apparently this new library housed very few ancient books. Periodicals were thought not suitable and it was arranged to delay them until they were at least ten months old. However, in spite of this precaution, they caused much disturbance and were wisely given up.

In December 1852, the librarian, Mr H H Blundell published a notice in the Graaff-Reinet Herald asking subscribers to return any books as the practise of not returning borrowed books caused annoyance to the subscribers and was a violation of the Rules.

Public Library.

SUBSCRIBERS are requested to return any Books taken out without having been entered. Much annoyance is experienced by subscribers through this practice independent of the violation of the Rules.

H. C. BLUNDELL,
Librarian.

Graaff Reinet, Dec. 22.

3t

By 1853 he was still endeavouring to find missing books and a list of all the missing books was published in the Graaff-Reinet Herald.

From an article which appeared in the Graaff-Reinet Herald of 1854 and with which we may all be familiar by now, it appears that the author is of opinion that the Public Library is the only public institution of any kind in Graaff-Reinet (the Slow Village). This article also confirmed that prior to its establishment, the library consisted of a “dozen or so Dutch volumes - strange, odd volumes which used to meander occasionally from house to house”. Miss Lawrie, former curator of the museum, seemed to have the idea that only the first volume of the preserved copies was read.

Thomas Babington Macaulay also found these volumes interesting and stated in *Extracts from the History of the Literature of Graaff-Reinet* that “not only were the few books possessed by the Settlers of huge proportions, but they overwhelm the mind by their voluminous profundity.” The volumes such as the *Hieroglyphical Dictionary* – a set consisting of six volumes - were very much consulted by the descendants of the early Settlers.

By March 1854 the Annual Report of the library indicated that the number of subscribers was 86.

However, the Library Committee was struggling to obtain a loan on the buildings in order to pay off the partners, who partially raised funds to erect the building. The debt amounted to £450 and the only solution they could come to was to introduce a uniform subscription of £1.10 per annum. On 18 April of the same year, the chairman announced that £467 had been collected by public subscription.

It is very interesting to note that a museum has been housed in the Library since 1862. An advertisement in the Graaff-Reinet Herald stated that the museum committee of the Graaff-Reinet Library was prepared to receive specimens of Natural History, Geology, Mineralogy and other articles. In October of that year, fifty pairs of stuffed birds with their nests were offered to the museum but there was no money to purchase them. In later years fossil remains collected by the Museum Committee were sent to Dr Broome of Victoria College in Stellenbosch.

At the end of the last century the Misses Liesching were librarians of the library. The story is told of how one day they had a visit from the Magistrate, Mr Hudson. Wishing to

be hospitable the ladies offered him some of their home brewed wine which that worthy gentleman greatly enjoyed. He was, in fact, very drowsy when he had to return to the Bench across the street.

I can attest to the fact that the Misses Liesching still roam the Old Library, especially at night when I have to attend to the alarms. The Old Library is one of the pleasantest places to work at and since this is where the seed of a Graaff-Reinet Museum was actually sown, I find it most appropriate that the fossils were moved from Reinet House to the grand old building.

*(From the writings of Ms Lawrie,
Graaff-Reinet Museum Archive)*

Gehoor van die Rondte van Vader Cloete?

Om die rondte van Vader Cloete te doen, is om 'n klompie mense op dieselfde reis te besoek.

Dit kom waarskynlik van die rondgaande hof se sittinge wat in 1812 in Graaff-Reinet, Uitenhage en George gehou is en wat as die **Swarte Ommegang** bekend was. Net vir interessantheidshalwe:

Swarte Ommegang is die naam wat deur die Kaapse koloniste gegee is aan 'n omgangshof wat in 1812 gehou is as gevolg van verskeie aanklagte deur eerwaarde James Read, dr. Vanderkemp en ander sendelinge teen die boere aan die Oos-Kaaplandse grens.

Hulle is daarvan beskuldig dat hulle hul swart bediendes mishandel het, en dat hulle aggressief teenoor die plaaslike stamme sou wees. Sommige van die beskuldiges is skuldig bevind, maar die meeste is vrygelaat. Die Swarte Ommegang het groot vyandigheid veroorsaak, en word beskou as een van die vernaamste oorsake van die Groot Trek.

Om te dans!

Om te dans is deel van ons wonderlike erfenis. Soms dans ons net vir die absolte pret daarvan maar om te dans is vir ons Suid-Afrikaners deel van ons geloof, deel van ons tradisie en kultuur. Vir ons is dit glad nie net 'n kunsvorm wat met die ritmiese geswaai van die liggaam gepaard gaan nie. Dit is 'n manier om onself uit te druk, is deel van sosiale interaksie en vind dikwels in 'n godsdienstige of spirituele opset plaas.

Dans was nog altyd deel van menslike kultuur. Om te dans is om geluidloos met mekaar te kommunikeer – ‘n manier van kommunikasie wat so tydloos soos evolusie self is. Navorsers stel voor dat dans deur die kragte van natuurlike seleksie geskep is gedurende die aanvanklike fases van menslike evolusie. Dans bring, in plaas van individuele identiteit, ‘n gemeenskaplike identiteit na vore. Dit het deel geword van rituele, seremonies, feesvieringe en ja, dans is definitief ‘n vorm van vermaak waarin ons almal deel.

Die ‘Askoekslaan’ is my gunsteling dans en volgens Elias P Nel, bekende Afrikaanse skrywer (en my broer se oud-katkasisiemeester) is dit ‘n variant van die riel. Die riel is ‘n energietappende dans wat vir baie na ‘n doelose rondspringery lyk maar eintlik met vernuftige voetwerk te make het en teen ‘n baie vinnige tempo gedans word.

In vergelyking met die hedendaagse *rave* is die rieldans ‘n gevorderde dans wat in die verlede deur analfabete beoefen is. Baie mense het ook die rieldans gebruik om van spanning wat deur hul werksomstandighede veroorsaak is, ontslae te raak.

Soos baie van ons kulturele danse, het die rieldans met die liefde tussen jong man en meisie te make. Op die dansbaan word die hofmakery uitgebeeld deur diere en insekte na te boots. Die ‘Bobbejaandans’ stel byvoorbeeld twee of meer bobbejaanmannetjies voor wat om die toegeneentheid van die wyfie wedywer. Die vrou trippel ligvoets rond, terwyl die mans onder mekaar ‘baklei’ om eerste by haar uit te kom. Nel is van mening dat dit in ‘n onaardse gewriemel kan ontaard soos die mans se lywe inmekaar verstrengel raak. As hulle wou uithang en die dans reg uitvoer, moes alle dansers sorg dan hulle lang aapsterte aanhet.

Die ‘Askoekslaan’ is ‘n ou bekende hier in Graaff-Reinet. Oom Abie Klerk vertel hoe hulle gereeld op Pietersburg na groot kerkbyeenkomste bymekaar gekom en die ‘askoek geslaan’ het. Hy is ‘n ‘askoekslaner’ van formaat en sy dansery bring ‘n breë glimlag na die mond. Wanneer ‘n askoek onder die as gebraai word, word dit op ‘n spesiale manier skoon geslaan wanneer dit uit die as gehaal word. Die askoek word borshoogte tussen die twee hande skoon geslaan en is ‘n soort

goëltoertjie want die askoek word dan roterend na agter gegooi, gevang en skoon geslaan.

Op die dansbaan spring die danser hoog in die lug en klap sy voete teen mekaar. Bedrewen askoekslanners kan self 'n dubble askoek slaan voordat sy voete weer grond raak. Selfs die liedjies wat tydens so 'n jolighed gesing word is eweneens belangrik. Daar steek veel meer in as net losse woorde:

'Dis 'n lekker ou Jan,
disse lekker ou Jan
Ou Jan, ou Jan jou dierbare ding,
Kom hang aan my
Soos 'n Kaapse heuningby.'

Die riel word beskou as 'n wonderlike stresontlader, so moet dus geensins verbaas wees as julle my al hoogspringende in die tuin of my kantoor gewaar nie!

(met dank aan Elias P Nel, Kraaifontein)

Extended Museum Hours

Our extended museum hours will commence on 5 December. Please remember that the Old Library and Reinet House will be open right through the day from 08h00 till 17h30 in the evening and from 09h00 until 14h00 on Saturdays

and Sundays as well as the coming public holidays, except Christmas day and New Year's Day, when we will be closed.

Year's End...

I, the Board and the staff would like to take the time to wish you and your family a blessed festive season and a wonderful year ahead. Thank you for your support during the past year. We cannot do without you. Please remember that you will be in our thoughts and prayers wherever you are.

En die Laaste woord.....

Dans, dans, dans sonder voorbehoud en sonder weerga!

Dans, dans, dans sonder ophou!